# Dansvaardighede



"Om van die plesier van die wêreld te geniet, is nie sonde nie;
om jou siel daaraan te verkoop, is wel."
- Thomas Carlyle

***Doelwit:*** *Om die Verkenner bekend te stel aan dans, die gebruike en die voordele daarvan – ook om Afrikaanse musiek daarvoor te gebruik.*

***Weergawe:*** *2007.0*

***Datum:*** *Augustus 2007*

## Begronding:

***Voortrekkerkode:***
3. 'n Voortrekker aanvaar gesag.
4. 'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

***ABC:*** Die kenteken gee aandag aan Afrikanerskap. Die tradisionele volksdanse en volkspele wat deel is van toeka tot nou by Afrikaners. Die totale pakket wat dans aktiwiteite bied moet aan die Verkenner oorgedra word, bv. Die waarde van oefening en die handhawing van jou Christelike waardes tydens die aktiwiteit.

## Aanbiedingsvereistes:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Tydsduur:** | 3 dae | **Graadgroep:** | 8 - 12 |
| **Voorvereistes:** | Geen | | |
| **Aanbieding:** | • Die Verkenner moet die hele Afdeling 1 doen en uit Afdeling 2 een van die onderafdelings, A of B, kies en volledig behandel.<br>• Geen van die danse of spele mag vir sowel Afdeling 1 as Afdeling 2 gebruik word nie – dus: verskillende danse vir elke afdeling. | | |
| **Toekennings instansie:** | Kommando | | |

## Uitkomste:

*Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:*

***Afdeling 1***

1. *Kennis dra van musiek en beweging van die vroegste tye af – gee **vyf** Bybelse aanhalings en voorbeelde en **vyf** ander voorbeelde uit die geskiedenis.*

2. *Die positiewe en negatiewe aspekte wat met dans geassosieer word bespreek.*

3. *Vertroud wees met die ontstaan van danse en die verskillende dansvorme van ons stamlande kan uitken, asook hul tradisionele dansdrag.*

4. *Vertroud wees met die verskillende dansvorme en tradisionele dansdrag van ander kulture in hul eie land en dit kan identifiseer.*

5. *Met insig kan saamgesels oor **een** van die volgende temas:*
   - *5.1 Tradisionele Volksdanse*
   - *5.2 Volkspele*
   - *5.3 Pretdanse*
   - *5.4 Drie van die eenvoudiger spele*
   - *5.5 Een van die moeiliker spele*

6. ***Twee** danse uit **elkeen** van die volgende kategorieë kan doen en aanbied:*
   - *6.1 Volkspele, soos "Afrikaners is plesierig" (sien fase 1: eenvoudiger spele).*
   - *6.2 Tradisionele volksdanse, soos Polka of Masurka.*
   - *6.3 Balsaaldanse, soos Outydse dans en Minuette.*

# Dansvaardighede



7. ***Drie*** *ander groepsdanse uit enige kategorie aan 'n groep kan verduidelik en leiding neem, soos byvoorbeeld die Nuwejaarsdans of die Makarena.*

8. *'n Volksdans geleentheid aanbied vir die kommando of gemeenskap.*

**Afdeling 2**
**A. Tradisionele volksdanse**
1. *Vertroud wees met die geskiedenis van die ontstaan/herlewing van die Boeredanse/Tradisionele volksdanse en die voorgeskrewe drag en reëls daaromtrent.*

2. *Een dans uit elkeen van die volgende kategorieë kan doen:*
   *2.1 Kadriel.*
   *2.2 Mazurka.*
   *2.3 Polka.*
   *2.4 Seties.*
   *2.5 Wals.*
   *2.6 Pretdanse.*

**B. Volkspele**
***Die verkenner moet:***
1. *Vertroud wees met die ontstaansgeskiedenis van Volkspele.*

2. *Drie spele uit Fase 1 kan speel – dit mag nie dieselfde as Afdeling 1, punt 6 wees nie.*

3. *Drie spele uit Fase 2 kan speel.*

**Fase 1: Eenvoudiger spele**
- *Aanstap Rooies (1)*
- *Wie sal staan? (2)*
- *Afrikaners is plesierig (4)*
- *Kom speel (5)*
- *Die blink vosperd (6)*
- *Vrawals (10)*
- *Ek soek na my Dina (13)*
- *Daar by die strand (25)*
- *Dis julle wat die wind laat waai (37)*
- *Hoe ry die boere? (49)*
- *Ver in die wêreld, Kittie (55)*
- *Daar kom die wa (56)*
- *Hier's ek weer (76)*
- *Kom ek met die slee (98)*
- *Al die eksamens is nou klaar (110)*
- *Tant Hessie se wit perd (115)*
- *Die Kimberleyse trein (120)*
- *Bobejaan klim die berg (124)*
- *Vaarwel (127)*

**Fase 2: Moeiliker spele**
- *Die lintse kooi (3)*
- *Ek speel op my kitaar (7)*
- *Lenie Brandt (8)*
- *Nikko-dikkom-dei (9)*
- *Kêrels, kêrels (11)*
- *Dis lente in die Boland (12)*
- *My hartjie, my liefie (15)*
- *Die rosie (16)*
- *Die oukraal-liedjie (20)*
- *Speel en sing (22)*
- *Daar is 'n man (23)*
- *Vat jou goed en trek, Ferreira (26)*
- *Kinders, moenie in die water mors nie (35)*
- *Liefdesliedjie (38)*
- *Die son verrys (40)*
- *Lokkies wou sy dra (57)*
- *Heerlik is die trekkerslewe (64)*

# Dansvaardighede



- *Kollie (69)*
- *Kolperd (75)*
- *Swaeltjies (83)*
- *Fyn soos 'n vlinder (88)*
- *Die vaalhond (90)*
- *Sing, sing lustig en bly (93)*
- *Môre oompie, môre tannie (118)*

**WENK**

*Die volgende literatuur is bruikbaar:*

- *Lekkerdraai: Groepsdanse vir pret – Die Voortrekkers.*
- *Volkspeleboek – Ons Volkspele-erfenis of Vir ons Volkspelers (nommers tussen hakies by fase 1 en fase 2 verwys na die nommers van die betrokke speletjies).*